

Saterdag 28 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 3:7-9

Fokusgedeelte: Romeine 12:1

Ware geloof dra vrugte van ware bekering

Die profesie oor die koms van Christus dra 'n duidelike boodskap: die oproep tot ware bekering. Hier moet ons verstaan hoe die Jode gedink het oor verlossing in die algemeen. Veral het die Jode geredeneer dat God hulle sal verlos omdat hulle uit die geslag van Abraham gebore is. Die Here het die genadeverbond met Abraham gesluit en belowe dat hy ewig hulle God sal wees, en dat hulle ewig sy volk sal wees (Gen. 17).

Die Jode het egter die kruks van die verbond nie verstaan nie, en dit is om God lief te hê soos wat God beveel het in Deuteronomium 6:5. Liefde vir God is die rede vir wetsonderhouding, en nie vir verlossing nie. Bloedlyn was nie genoeg om verlossing te bring nie. Johannes verkondig nie dat ons gered word op grond van ons dade nie.

Om sy prediking reg te verstaan, moet ons Johannes 1:29 ook lees: hier getuig Johannes wanneer hy vir Jesus sien dat Hy die Lam van God is wat die sonde van die wêreld kom wegneem. Verlossing lê dus in Christus, maar die groot vraag is: Wat maak ons met die verlossing wat aan ons gegee word deur die Lam?

Dit is hier waar ons fokusgedeelte inkom. Op grond van die weg van verlossing wat Paulus in die voorafgaande hoofstukke van Romeine verkondig het, word ons nou opgeroep om ons hele lewe aan God te wy. Paulus sluit aan by Johannes se prediking wat in wese oor dankbaarheid gaan.

Hoe verkondig ons ons doop? Die doop wat ons inlyf in die verbond met Abraham en wat getuig van God se genade in Christus? Johannes verkondig wat ons moet doen, Paulus sê vir ons hoe ons dit moet doen. Dankbaarheid wat getuig van 'n nuwe lewe in Christus.

Sing: Psalm 40-1:4, 5

Ds. JG Ehlers (Jan) (Meyerton)